DORMERTELERS hou puik dag op Goedehoop, Edenburg

– Berig: MC Fourie

Besondere vleisskaapras opnuut in kollig geplaas, trek wye belangstelling

Tydens die Dormer telersvereniging se jaarvergadering het Dr. Johan Smit toestemming gevra om ’n Dormer-inligtingsdag te hou. Dit was die beginpunt en onder inisiatief van Smit en Theuns Barnard, beide Dormertelers van Edenburg, is hierdie besondere dag gereël, ’n dag wat uitsluitend om Dormers gewentel het.

Op 11 Maart het hierdie uitstekende Dormer inligtingdag toe op Goedehoop van Johan Smit gestalte gekry. Erika Hanekom, top teler en Dormer-kenner, het vanaf Malmesbury gekom om in die verrigtinge te deel. Theuns-hulle het ook pragdiere uitgestal en almal kon kyk en vat en voel aan die mooi diere.

Die program het om drie puik bydraes gewentel, saam met die vertoning van diere:

- Erika Hanekom het ’n puik bydrae gemaak met ’n praatjie oor die Dormerras en sy eienskappe. Elke eienskap is duidelik uitgespel, en sy het ook prakties gedemonstreer en gewys wat nagestreef moet word in die teling van ’n rasgetroue dier. Sy het ook ’n ram geskeer om te demonstreer hoe dit vir ’n skou gedoen moet word. Die manne het maar net gestaan en kyk, en haar vernuf en bekwaamheid waardeer. (Erika en haar man, Pieter, het sedert die sestigerjare hulle doelgerig met die teling van top Dormers bemoei en die soet smaak van sukses geproe deur etlike SA kampioene te teel. Pieter het haar in 1993 ontval, maar sy het voortgegaan en die stoet verder uitgebou. Dit was ’n lewenstaak vir haar, “iets waaraan ek my hele lewe gewy het.”
- Theuns Barnard se gesprek met die boere was oor hoe om ’n ram uit te soek vir jou doel – vir stoetteling, opgradering van jou kudde of vir kruisteling. Sy ondervinding en kennis het duidelik uitgestaan en hy het alles mooi prakties en verstaanbaar gemaak.
- Giepie Calldo van CMW het met sy kenmerkende entoesiasme die bestuur en die bedryf van ’n skaapkudde bespreek. Giepie is ewe entoesiasties oor hierdie mooi ras as oor merino’s – ’n ras wat netjies by merino’s kan inskakel met kruisteling vir vetlamproduksie. Giepie het al die klein jakkalsies wat sukses in bestuur kniehalter uitgelig en praktiese wenke gegee om dit te vermy en om bestuur reg toe te pas.

Hierdie pragtige geleentheid is geskep om die ras te bevorder, en dis uitnemend reggekry. Theuns is ’n beoordelaar en ook senior keurder van die ras, en was ook al voorsitter van die Sentraal Oranje Dormer Klub. Johan Smit was ook al voorsitter van die Sentraal Oranje Dormer Klub en verskeie termyne vise-voorsitter an die Dormer Raad. Beide teel jare al top Dormers. Erika was ook vir baie jare lid van die raad, en op ’n tydstip ook al vise-voorsitter.

Die belangstelling was groot en ongeveer 140 besoekers het van ver af kom deel in die inligting – van distrikte so wyd as Victoria-Wes, Jacobsdal, Molteno, Fouriesburg, Ficksburg, Ladybrand, Douglas, Kimberley, Brandfort, Bethulie, Trompsburg, Springfontein, Reddersburg, Philippolis, Petrusburg selfs vanaf Brits! Hoe lekker was dit nie daar nie, so rustig onder die groot tent. Niks van ’n gejaag nie, alles só lekker en leersaam, skaapboere bymekaar. Daar was heelwat entoesiastiese borge, OVK ook onder hulle.

Belangstellendes kan enige tyd skakel: Johan Smit (bedags by 051-7431307 en saans 082-8077874) en Theuns Barnard (051-7431565 of 079-5113920).

Hartlik geluk Theuns en Johan met ’n baie besondere dag. Julle het gewis die Dormers opnuut netjies en volledig in die kollig geplaas.

Teunie Barnard saam met “fifty two”, top teelram van die SRJ Familietrust wat vir R52000 vanauit die Renosterberg Dormerstoet van Erika Hanekom van Malmesbury gekoop is. Die Barnards is betrokke by die SRJ Familietrust en “fifty two word in al drie stoeterye gebruik. Teunie is saam met sy pa in die boerdery betrokke

Regs bo: *’n Jong ram van Maartinshoek Dormers wat ook in al drie stoeterye gebruik word. Dit is baie duidelik dat ’n liefde vir die diere reeds in die jonger geslag Barnards gevestig is!*

Organiseerders en sprekers van die dag: *Theuns Barnard, Edenhoop Dormerstoet, Edenburg, Giepie Calldo, van CMW, Erika Hanekom, van Renosterbosrug Dormerstoet, Malmesbury, Dr. Johan Smit van Goedehoop Edenburg en Charl van Rooyen, ere vise-president van die Dormertelersvereniging*

Links: *Erika Hanekom het ook gedemonstreer hoe 'n ram geskeer moet word vir 'n skou. Om dit reg te doen vereis goeie kennis en vaardigheid. Dit was duidelik dat hierdie ram nie die eerste een was wat sy al onder hande gehad het nie. Die manne het met groot waardering gekyk en geleer. Die helper was net daar om die swaar ram se lyf effe te stut en daardeur die taak effe te vergemaklik.*